# GEMEENTEBULLETIN

**23 SEPTEMBER 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## AANLYN EREDIENS | 27 SEPTEMBER

Tydens die langnaweek vir skole word die volgende twee dienste aangebied:

**Oggenddiens vanaf 06:00**

1 Konings 18 | Berg Karmel – die Here alleen is God | Ds. Callie Visagie

**Relevant-diens vanaf 18:00**

Jesus herstel | Ds. Hanno Ackerman

**KYK** aanlyn Sondagoggend vanaf 06:00 en enige tyd daarna na die opnames van die oggenddiens op www.stellenberg.co.za, of op die YouTube-kanaal. Die Relevant-diens word om 18:00 direk uitgesaai via www.stellenberg.co.za, of die Relevant YouTube-kanaal.

**LUISTER** na die klankopname van die diens op www.stellenberg.co.za.

**LEES** die preek op www.stellenberg.co.za.

## 'N VERSKYN-EN-VERDWYN-WINKEL

STELLENBERG se KERSVREUGDE-winkel

Ons beoog om 'n tydelike winkel, genaamd KERSVREUGDE vanaf **28 Oktober tot 7 November** in die kerksale aan te bied. Dit sal aan ongeveer 130 handwerkers die geleentheid bied om hulle ware ten toon te stel. **Keuring is reeds afgehandel.** 'n Restaurant, bedryf deur Malita Joubert, wat onder andere wegneemetes verkoop, word in die markplein ingerig. Besoek die Kersvreugde-winkel vir al jou Kersinkopies. Covid-19-protokol sal geld en ons verkies dat aankope met krediet- of debietkaarte betaal word.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Elizabeth Adriana (Bettie) du Plooy, gebore 02/03/1920 en oorlede 13/09/2020. Sy was voorheen 'n inwoner van Edelweiss en het in Maartmaand haar 100ste verjaarsdag gevier. Haar gedenkdiens is op Vrydag 2 Oktober om 11:00 in die kerk.

### HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Indien jy hulp (fisies of geestelik) benodig tydens die inperking, of graag hulp wil aanbied, stuur asb. 'n e-pos aan bg. adres of kontak ons leraars telefonies.

### DAAGLIKE STEM-BOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720. Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

## HERVATTING VAN EREDIENSTE IN DIE KERK

Met die verskuiwing na vlak 1 van inperking verslap maatreëls aangaande die aanbieding van eredienste en word eredienste in die kerk en kapel vanaf Sondag 4 Oktober soos volg hervat:

- ’n Gesamentlike oggend-en-gesinsdiens om 09:00 en 11:00 in die kerk waar 250 kerkgangers per diens geakkommodeer sal word. Die saalgedeelte van die kerkgebou word met tafels en stoele ingerig sodat gesinne saam rondom die tafels kan sit.
- Die editatiewe diens om 09:00 in die kapel en sal 40 kerkgangers akkommodeer. Die meditatiewe diens sal vanaf 4 Oktober nie meer aanlyn beskikbaar wees nie.
- Die Relevant-diens word om 18:00 in die kerk aangebied.
- **Kyk aanlyn** om 09:00 na die direkte uitsending van die oggend-en-gesinsdiens via ons webwerf, of die YouTube-kanaal. ’n Opname van die diens sal ook vanaf 10:00 beskikbaar wees waarna jy enige dag, of tyd kan kyk.
- Tee en koffie sal na die dienste, buite in die teetuin beskikbaar wees.
- Geen vooraf besprekings is nodig nie.
- Maskers is verpligtend.

Rig navrae aangaande die hervatting van eredienste aan ds. Marius Breytenbach by 082 376 6053/marius@stellenberg.co.za.

## TUISWERKHULP BY KLIPHEUWEL

Shiloh Synergy benodig helpers wat op Dinsdae en Donderdae kinders van die informele nedersetting in Klipheuwel met tuiswerk kan ondersteun. Klasse word by Klippie Kids Kleuterskool aangebied. Covid-19-protokol word gevolg en vrywilligers benodig nie ’n onderwysagtergrond nie. Gebruik die skakel om ’n tydgleuf wat jou pas te bespreek, of kontak Heleen du Toit by 084 563 0122, of ds. Hanno Ackerman by 079 543 5261.

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfZWDWFAKv1tHp35la8ffCDHvywhO2Auy_6MtQWbSuK8rBygw/viewform?usp=sf_link

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. ’n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, ’n besigheids- en lewensafrigter, asook ’n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by

082 854 4530.

### AANLYN BYBELSKOOLREEKSE

Twee Bybelskoolreekse is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## VOSBURG VRYDAG – 2 OKTOBER

Die Vosburg Vrydag word op Vrydag 2 Oktober vanaf 15:00 aangebied. Klaarvoorbereide etes sal ten bate van die NG kerk Vosburg verkoop word en daar sal wel geleentheid vir saamkuier in die markplein en die area buite die markplein wees. Diegene wat verkies om hulle kos wat vooraf bestel is, net af te haal, kan dit by die markplein ontvang. Plaas asseblief jou bestelling vir etes **voor of op 25 Sept.** om teleurstelling te voorkom. Daar sal 'n **beperkte** hoeveelheid etes beskikbaar wees wat sonder vooraf bestellings verkoop sal word.

| | |
|---|---|
| **Roosterkoek** met botter, konfyt en kaas | R18 |
| **Roosterkoek** sonder konfyt en kaas | R12 |

| | |
|---|---|
| **Vetkoek** met kerriemaalvleis | R20 |
| **Braaibord** (2 tjops, wors, slaai) | R70 |
| **Hamburger** | R25 |
| **Pannekoek** | R6 |
| **Poeding (jellie & vla)** | R10 |
| **Poeding (gebak en ander)** | R15 |

**Plaas asb. jou bestelling voor, of op Vrydag 25 September** by 021 976 4519, weeksdae tussen 08:00 en 13:00, of stuur 'n e-pos deur op dié e-pos te "reply", of na christineferreira68@gmail.com. Dui asb. jou naam en van, asook die verlangde hoeveelheid van elke kositem in die e-pos aan.

## PRET VIR DIE JONGSPAN

Vanaf 15:00 Vrydagmiddag sal daar vir die jongspan geleentheid wees om deel te neem aan speletjies. Brenda Visser, kinderwerker, sal die speletjies aanbied en sy onderneem om alle Covid-19-veiligheidsmaatreëls na te kom, maar sy beloof dit sal steeds groot pret wees.

## DONASIES

Donasies direk aan NG kerk Vosburg, of vir die aankoop van produkte vir die Vosburg Vrydag sodat onkoste so laag as moontlik gehou word, sal waardeer word. Bydraes kan oorbetaal word na ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik Vosburg as verwysing.

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang, deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

## FINANSIËLE BYDRAES

Ons bly opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat steeds finansieel tot die gemeente se werksaamhede bydra. Die kerkraad beskou rentmeesterskap as een van hulle grootste verantwoordelikhede en in die lig daarvan word deeglike besinning rakende alle spandering toegepas.

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening

145 058 0011, takkode 632005.


### Kontantbydraes


Kontantbydraes kan by die kerkkantoor afgegee word, of in die beveiligde posbus by kantoor se voordeur geplaas word.

### SnapScan

### Voedselhulp

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.




**GEDAGTE VIR DIE DAG**

Geestelike dagstukke asook 'n stemboodskap word daagliks op www.stellenberg.co.za asook die gemeente se Facebookblad geplaas.

**AANLYN ADVERTENSIEBLAD**

In die Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, huishoudelike dienste, onderrigdienste, dienste in die leefstyl- en skoonheidsbedryf, woonplekke, werksgeleenthede, asook gesondheidsdienste geadverteer. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand.
Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## TERUGVOER FINANSIES

Hartlik dankie aan alle lidmate wat op verskillende wyses steeds by ons gemeente se werksaamhede betrokke bly. Stellenberg se kerkraad het in April reeds proaktief die jaarlikse begroting aangepas:

- Inkomste: Met die verlies van die feesmarkinkomste is ons aanvanklike begroting met 25% aangepas. Verder is 'n projeksie van 50% vir die tiendemaandinsameling gemaak. Die maandelikse dankoffers is op 100% behou en vir bankkollektes is 30% begroot. Dit beteken dat daar vir ongeveer 2/3 van ons aanvanklike inkomste begroot is.
- Uitgawes: Alle uitgawes is tot op die been gesny, behalwe ons voedselhulp en kommunikasie. Salarisverhogings vir 2020 en dertiende tjeks is teruggetrek. Alle salarisse is met 20% gesny en predikante se reiskoste is ingekort.

Ons is baie dankbaar om wel positiewe terugvoer oor die dankoffers en bankkollektes te deel.

- **Reguit lyn in oranje:** Oorspronklike begroting: Gemiddeld van R550 000 per maand
- **Lyn in grys, heel onder:** Aangepaste begroting – R500 000 per maand
- **Blou lyn wat "uitspring":** Die gemiddelde bedrag wat vanaf Aprilmaand ontvang is, is R570 000. Dit is R20 000 bo die oorspronklike begroting en R70 000 bo die hersiene begroting.

Dankie vir u bydrae en ondersteuning. Ons is bewus van heelwat gesinne wat ekstra verpligtinge teenoor familielede, werkers in hul diens en mense in nood, nakom. Die kerkraad se onderneming is ook dat die situasie gemonitor word en dat aanpassings in die predikante en personeel se vergoeding gemaak sal word sodra dit finansieel verantwoordelik gedoen kan word.

Ons leef in die Here se hand. Hy hou ons – en ook sy kerk – in stand.

